GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2020

10022

AFRIKAANS
EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2

TYD: **2 uur**

PUNTE: **70**

39 bladsye

b.o.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer van die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae aandagtig deur en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

7. Bestee ongeveer 60 minute aan elke afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAGNOMMER		PUNTE	BLADSYNOMMER
1.	*Kringe in ’n Bos*	35	5
2.	*Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom*	35	9
3.	*Meeulanders*	35	Nie getoets in Gauteng nie
4.	*Lien se lankstaanskoene*	35	13

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAGNOMMER		PUNTE	BLADSYNOMMER
5.	*Poppie – Die Drama*	35	17
6.	*Paljas*	35	21
7.	*Fiela se kind – Die Drama*	35	26

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

VRAAGNOMMER		PUNTE	BLADSYNOMMER
8.1	“Veertig sinkplate teen die suidewind”	17	31
		EN	
8.2	“Rot in ’n val”	18	33

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

VRAAGNOMMER		PUNTE	BLADSYNOMMER
9.1	“Rondom my”	17	35
		EN	
9.2	“By die robot in Eerste Laan”	18	37

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.

AFDELING	VRAAGNOMMERS	GETAL VRAE BEANTWOORD	DUI AAN (✓)
A: Roman	1 – 4	1	
B: Drama	5 – 7	1	
C: Kortverhale	8	1 (2 kortverhale)	
D: Gedigte	9	1 (2 gedigte)	
LET WEL: Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.			

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

"Hoe oud is jy?"

"Veertien gewees, mister." Wat wil almal skielik weet hoe oud hy is?

"Mm … jy is groot vir veertien. Is jy seker jy is nie dalk sestien nie? Ek is nie so seker dat julle altyd weet hoe oud julle is nie."

***

Êrens in hierdie bos treur Jozef vannag oor sy seun. Die lewe het hulle sulke ompaaie om mekaar laat leef dat hy nie vandag sy hand na Jozef kan uitsteek nie en sê: Ek is jammer oor wat met jou kind gebeur het. Nee! keer hy homself, soos wat sy vinger sonder gevoel die sneller moet trek, só moet sy gedagtes sonder gevoel vir Jozef bly. Van kleins af het hulle bymekaar verbygedink. Vir Jozef het die bloubokkie se gal nog altyd in sy kop gesit. Vir Jozef is hy, Saul, verraaier en klaar!

"Jozef," het hy eendag vir hom probeer sê wat in sy hart is, "die Bos is besig om dood te gaan. Oral slaan die seerplekke soos pokke uit en dit word nie weer gesond nie."

"Begin jy alweer met Harison se stories?"

"Maar kan jy dit dan nie self sien nie? Kan jy dan nie sien dat ons die Bos doodmaak en die Bos óns doodmaak nie?"

"Ons is honderde teen jou en Harison se ouvroupraatjies, nie een van julle gaan ons hier uitkry nie!"

1.1 Saul het as veertienjarige die Bos verlaat en op die dorp gaan werk.

1.1.1 Beskryf die gebeure wat daartoe gelei het dat Saul die Bos verlaat het.

Gee TWEE feite. (2)

1.1.2 By wie het Saul gaan werk? (1)

1.1.3 Watter vergoeding het Saul ontvang vir die werk wat hy gedoen het?

Noem TWEE dinge. (2)

1.2 Wie was Jozef? (Reël 5) (1)

1.3 Jozef se seun is dood.

Wat het gebeur? (1)

1.4 Hoe het Jozef se seun se dood bygedra tot die situasie waarin Saul nou is?

Gee TWEE feite. (2)

1.5 "Vir Jozef het die bloubokkie se gal nog altyd in sy kop gesit." (Reël 10)

Wat is die konnotatiewe betekenis van die aanhaling? (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.6) neer.

Waarom moet Saul die sneller "sonder gevoel" (reël 8) trek?

A Saul se teiken is nie onbekend nie.
B Saul het geen gevoel vir sy teiken nie.
C Saul is 'n ervare jagter en weet dat gevoelens nie 'n plek in die Bos het nie.
D Saul kan dit nie bekostig om emosioneel betrokke te raak by sy teiken nie. (1)

1.7 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.7) neer.

Alhoewel Saul Oupoot gevolg het om hom te skiet, het Saul nog altyd groot (1.7 …) vir die olifante in die Bos gehad. (1)

1.8 Waarna verwys "die seerplekke"? (Reël 13) (1)

1.9 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.9.1 tot 1.9.2) neer.

Saul was baie (1.9.1 …) oor die toekoms van die Bos en dit het Saul gedurig met sy familie laat (1.9.2 ...). (2)

1.10 "Maar kan jy dit dan nie self sien nie?" (Reël 16)

Wat kan ons hieruit aflei omtrent Saul se gevoel teenoor Jozef? (1)

1.11 Waarom, dink jy, was dit so maklik vir Jozef en baie ander Bosmense om te glo dat Saul 'n verraaier was?

Gee TWEE feite. (2)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

Dit was ’n kwaai winter daardie eerste jaar. Meulbosstroom se water het soos smeltwater geword; ’n uur daarin en jou bene was koud. Jou hande ook. Dan moes jy eers weer vuur toe om die bloed warm te kry.

Maar die trog het gewerk! Aan die begin het hy gesukkel om die val reg te kry sodat die water nie met die gruis deurhardloop nie; hy moes eers agterkom dat jy die water met dieselfde snelheid waarmee dit in die stroom afkom, oor die trog moet laat loop. Die gruis moet oor die lap rol sodat jy elke klip as’t ware kan hoor. Die geluid moet ook net reg wees.

Hy moes twee keer dorp toe om kos te koop en nog ferweel. By Gouna het hy vir ’n pennie ’n beeshoring by ’n man gekoop. Hy was onrustig oor die ander delwers in die Bos. As hy net kon weet hoeveel daar van hulle was …

Die tweede keer dat hy moes dorp toe, het hy ou Anneries gekry. Die speke was baie duidelik klaar verkwansel en die ou was goed gedop.

“Nee, dit gaan goed, Saul. En met jou? Het jy darem al iets uitgegrou?”

1.12 Waarvoor het Saul in Meulbos gedelf? (1)

1.13 “Maar die trog het gewerk!” (Reël 4)

1.13.1 Aan wie het die trog behoort voordat dit aan Saul behoort het? (1)

1.13.2 Dink jy dat Saul die trog op ’n eerlike manier gekry het?

Verduidelik jou antwoord. (1)

1.14 Op watter manier het die beeshoring (reël 10) Saul gehelp? (1)

1.15 Verskillende karakters het ’n rol in Saul se lewe gespeel.

Kies die karakter uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (1.15.1 tot 1.15.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.15.1	Het vir Saul ’n kwartponder geleen	A	Crompton
1.15.2	Het vir Saul ’n boek geleen wat vir hom baie beteken het	B	Maska
1.15.3	Het vriende met Saul geword en was ’n Australiër	C	Anneries
1.15.4	Het die Bos probeer bewaar	D	Kate
		E	Harison

(4 × 1) (4)

1.16 Die houtkappers mag nie delf nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.17 "As hy net kon weet hoeveel daar van hulle was …" (Reël 11)

Wat is die funksie van die ellips aan die einde van hierdie sin? (1)

1.18 Kate was baie belangrik vir Saul. Haar pa was bewus daarvan en hy het uit sy pad gegaan om Kate en Saul uitmekaar te hou.

Noem DRIE maniere waarop Kate se pa dit gedoen het. (3)

1.19 Waarom kan ons sê dat Saul innerlike konflik ten opsigte van Oupoot se lot beleef het? (1)

1.20 Na Saul se tyd in Meulbos het hy Swellendam toe gegaan.

Watter vaardigheid het hy daar aangeleer? (1)

1.21 Saul se tyd in die Bos het hom laat besef dat die lewe 'n skewe sirkel is.

Noem EEN voorbeeld van 'n skewe sirkel wat in ons gemeenskap vandag nog sigbaar is. (1)

1.22 Waarom kan ons sê dat Saul se verhouding met die Bos *bittersoet* was? (1)

[35]

VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS C

.....Juffrou Liebenberg is my Afrikaans-onderwyseres. Sy's erg opgetrek met die opstelle wat ek inlewer. *Wonderlike verbeelding*! skryf sy in die kantlyn. Ek wil nou nie ondankbaar klink nie, maar ek sou meer gehou het van: *Wonderlike skryfkuns*!

***

Die ander ding wat my onderskei, natuurlik, is my ingewikkelde gesinslewe. En dit steek ek meestal ook maar weg. Die kinders wat wel daarvan weet, soos Sharon, dink dit moet fantasties wees om so 'n buitengewone gesin te hê.

***

Maar ek hét darem nog 'n pa. Een wat van bloed en bene gemaak is. Dink hoe moet die arme Tibo voel.

***

.....Wel, dis die storie wat sy vir Tibo vertel het toe hy nog simpel genoeg was om dit te glo.

Interessant, nè? Ek is *geskep*, hy is *vervaardig*. Ek voel soos 'n skildery (soms 'n middelmatige skildery, soms 'n mislukking, nooit juis soos 'n kunswerk nie) en hy klink soos iets wat uit 'n fabriek kom. 'n Onderdeel van 'n masjien.

***

En *nuwe huis* is nie heeltemal die regte beskrywing vir hierdie dubbelverdiepinghool aan die gatkant van Tafelberg nie. Toe Mana en Beyers teen die einde van laas jaar trou, moes ons 'n groter huis vir die hele spul van ons soek. En soos ek reeds laat glip het, rol ons nie juis rond in die rande nie. Probeer jy nou 'n huis met minstens vyf slaapkamers soek, en boonop 'n garage of 'n buitekamer of 'n plek wat Mana as ateljee kan gebruik, teen 'n prys wat twee mense sonder 'n vaste inkomste kan bekostig.

***

Dis hoe hulle verhouding begin het. En dis hoe hulle waarskynlik vir altyd en altyd bymekaar gaan bly.

2.1 "*Wonderlike verbeelding*! skryf sy in die kantlyn." (Reël 2 – 3)

2.1.1 Wie is aan die woord in hierdie uittreksel? (1)

2.1.2 Hierdie spreker het 'n vrugbare verbeelding gehad.

Gee TWEE voorbeelde uit die roman om te bewys dat hierdie stelling WAAR is. (2)

2.1.3 Aan die einde van die verhaal het die spreker besluit om ’n ware verhaal te skryf.

Watter titel wou die spreker hierdie verhaal gee? (1)

2.2 Die spreker het ’n “ingewikkelde gesinslewe” (reël 5 – 6) gehad.

Verduidelik hierdie stelling deur te verwys na die spreker se ma en haar eie pa. (2)

2.3 Die spreker se ma en stiefpa het mekaar op ’n snaakse manier ontmoet.

2.3.1 Hoe het hulle mekaar ontmoet?

Noem TWEE feite. (2)

2.3.2 Waarom het die spreker gedink dat sy/haar ma en stiefpa se huwelik vir “altyd en altyd” (reël 24 – 25) gaan hou? (1)

2.3.3 Die spreker en sy/haar stiefpa het ’n goeie verhouding gehad.

Gee TWEE redes om hierdie stelling te motiveer. (2)

2.4 Verskillende karakters het ’n rol in die spreker se lewe gespeel.

Kies die beskrywing uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (2.4.1 tot 2.4.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.4.1	Tibo	A	Het ’n obsessie met TV gehad
2.4.2	Yann	B	Was mal oor towenaars en toorkuns
2.4.3	Amos	C	Het alles van moderne musiek geweet
2.4.4	Beyers	D	Het alles van skilderye en skilders geweet
		E	Het alles van teater en toneelstukke geweet

(4 × 1) (4)

2.5 “Ek is *geskep*, hy is *vervaardig*.” (Reël 13)

Waarom sê die spreker dat Tibo “vervaardig” is? (1)

2.6 “Ek voel soos ’n skildery (soms ’n middelmatige skildery, soms ’n mislukking, nooit juis soos ’n kunswerk nie ...)” (Reël 13 – 15)

Dink jy die spreker het rede gehad om so te voel?

Motiveer jou antwoord. (1)

2.7 Waarom het die spreker na hulle nuwe huis as ’n dubbelverdiepinghool verwys? (Reël 18) (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS D

14. Nog ’n onverwagse gas

Ons is ’n taamlik bedrukte spulletjie wat die aand aan tafel sit.

***

Mana het ons probeer opbeur deur pasta pleks van sop te kook, maar niemand lyk juis opgebeur nie.

***

“Maar dis nie ... dit kan tog nie ... dis mos heeltemal te vroeg?” stotter Beyers, sy gesig doodsbleek.

“Hanna is ook ’n paar weke vroeg gebore,” sê Mana terwyl sy weer stadig regop sit.

“As ek dít geweet het,” roep Beyers uit, “het ek nóóit hier op die berg kom vakansie hou nie!”

***

“En nou?” Beyers hap na lug soos een wat besig is om te verdrink. Ek het hom nog nooit so paniekerig sien lyk nie. “Wat nóú?”

“Wel, dit lyk nie of hierdie babatjie in ’n hospitaal gebore gaan word nie,” sê my ma met ’n dapper glimlag.

“Maar waar ... wat gaan ons ... wat gaan gebeur?” stotter Tibo, amper so bleek soos Beyers.

“Dis te vroeg!” kerm Beyers.

“Hanna was ’n gesonde baba, Bey, al het sy te vroeg opgedaag. Ek weet nie, miskien het ek my misgis met die datum. Jy weet hoe sleg is ek met datums ...”

Beyers staar na haar met verwilderde oë.

“Ek sal jou help, Mana,” sê Margot en staan op om my ma se skouers te kom masseer.

2.8 **“14. Nog ’n onverwagse gas”** (Reël 1)

Wie was die onverwagse gas wat opgedaag het? (1)

2.9 “Ons is ’n taamlik bedrukte spulletjie wat die aand aan tafel sit.” (Reël 2)

Waarom was almal so bedruk? (1)

2.10 “Maar dis nie ... dit kan tog nie ... dis mos heeltemal te vroeg?” (Reël 5)

2.10.1 Wat het, volgens Beyers, heeltemal te vroeg gebeur? (1)

2.10.2 Hoe het die omstandighede van hierdie gebeurtenis verskil van die geboorte van Hanna? Onthou om beide kante te noem. (2)

2.11 “As ek dít geweet het,” roep Beyers uit, “het ek nóóit hier op die berg kom vakansie hou nie!” (Reël 9 – 10)

2.11.1 Mana noem hierdie vakansie op die berg ’n “wittebrood”.

Dink jy hierdie vakansie was ’n wittebrood? Motiveer jou antwoord. (1)

2.11.2 Die wittebrood was uiteindelik voordelig vir die gesin.

Gee TWEE redes waarom hierdie stelling WAAR is. (2)

2.12 Hanna het saam met haar uitgebreide gesin in ’n huis op die berg gaan vakansie hou.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

A Die gesin hou ’n koolstoofkonsert.
B Die gesin eet Gavin se afskeidsmaal.
C Margot knip haar lang, rooi naels kort.
D Margot lees haar Tarot-kaarte vir die kinders. (4)

2.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (2.13) neer.

Margot het die situasie tydens die baba se geboorte baie goed hanteer as gevolg van haar …

A vroulike intuïsie.
B verpleegondervinding.
C ondervinding as ouer.
D ondervinding as aktrise. (1)

2.14 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoorde in te vul.

Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (2.14.1 tot 2.14.2) neer.

Tydens die baba se geboorte het (2.14.1 …) aanhoudend in Mana se oor gefluister terwyl (2.14.2 …) hom soos ’n senuweeagtige pa in ’n outydse fliek gedra het. (2)

2.15 Gavin was nie altyd ’n voorbeeldige ouer nie.

Dink jy ouers móét altyd voorbeeldig wees? Motiveer jou antwoord. (1)

2.16 Watter volwassene in hierdie verhaal was, volgens jou, die beste voorbeeld vir kinders?

Motiveer jou antwoord. (1)
[35]

VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE

VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS G

Sy wens half Wouter wil ’n draai maak, maar sy dink nie hy sal kom ná haar tantrum by die skoolhek nie. Sy loop ingedagte kombuis toe met ’n skinkbord vol leë koppies en bordjies. Toe sy die swaaideur oopstoot, kom Agnes met ’n vaart uit die kombuis met ’n vol gelaaide skinkbord wat sy soos gewoonlik op haar hand hoog in die lug balanseer. Hulle tref mekaar met ’n vaart en breekgoed en stukke koek spat in alle rigtings. Dis vir ’n oomblik stil in die coffee shop. Mense sit skeef gedraai in hulle stoele om die petalje te bekyk.

Lien en Agnes maak verbouereerd glasstukke bymekaar.

“O vrek,” sê Agnes angstig. “Nou gaan die hel losbreek ... ”

Lien sien onderlangs dat tant Malie besig is om ’n vrou by die kasregister te help. Hulle staan vir Lien en Agnes en kyk.

“Oeps,” hoor sy tant Malie sê. Daar is ’n glimlaggie om haar mond wat ’n paar grade kouer is as die ysblokkies in haar stem.

***

Haar ma se deur is toegetrek toe sy by die huis kom. Dit beteken sy lê en slaap en sy moet geel van die werk af gekom het. Hoe dit werk, kon Lien nog nie uitgewerk kry nie.

***

Sy nooi hom langtand in, voel half verspot in haar ou rooi sweetpak wat saam met Jan van Riebeeck in die Kaap aangekom het. Braam lê op sy gunstelingplek.

“Sit die blerrie ding af,” sis Lien. Braam kom vinnig regop, groet die predikant en skakel die TV alles in een beweging af.

4.1 Noem EEN rede waarom Lien van Wouter (reël 1) gehou het. (1)

4.2 "Sy loop ingedagte kombuis toe met 'n skinkbord vol leë koppies en bordjies." (Reël 2 – 3)

4.2.1 Wat lei jy van Lien se gemoedstoestand af? (1)

4.2.2 Wie het vir Lien gehelp om die werk by die koffiewinkel te kry? (1)

4.2.3 Waarvoor wou Lien geld spaar? (1)

4.3 "Oeps," hoor sy Tant Malie sê. (Reël 13)

4.3.1 Wat is ironies omtrent Tant Malie se opmerking? (1)

4.3.2 Lien het geweier om die skade te betaal.

Stem jy saam met Lien se besluit?

Motiveer jou antwoord. (1)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (4.4) neer.

Uit hierdie teks kan ons aflei dat Agnes baie ... vir Tant Malie was.

A skaam
B bang
C kwaad
D vies (1)

4.5 Christien, die spreker se ma, was altyd "geel." (Reël 16)

Verduidelik die figuurlike betekenis van "geel". (1)

4.6 Wat het die predikant later gedoen om die Jooste-gesin te help? Noem TWEE dinge. (2)

4.7 Braam (reël 19) was 'n baie hardwerkende tiener.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4.8 Kies die karakter uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (4.8.1 tot 4.8.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.8.1	Lien moet weer vir hierdie persoon gaan werk.	A	Agnes
4.8.2	Een van Lien se vriende wat saam gebedel het.	B	Sue-Ellen
4.8.3	Lien gaan met hierdie vriend matriekdans toe.	C	Donovan
4.8.4	Lien het tydelik in dié persoon se plek gewerk.	D	Hein
		E	Tibbey

(4 × 1) (4)

4.9 Het jy enige simpatie met Lien se ma?

Motiveer jou antwoord. (1)

4.10 Noem enige TWEE morele lesse wat Lien se karakter ons leer. (2)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS H

Daar is nie baie mense in die Wimpy nie en hulle gaan sit by 'n tafeltjie in die hoek. 'n Vriendelike kelner gee vir elkeen 'n spyskaart. Lien se mond water. Sy wonder vir hoe duur sy mag eet. Alles lyk vir haar lekker. Sy besluit om te wag tot Miemie bestel.

Miemie bestel steak en tjips. Lien kan nie onthou wanneer laas sy 'n behoorlike stuk steak geëet het nie. Sy bestel dieselfde. Sy ruik knoffel en haar maag maak krampe van die honger.

Sy weet nie wat om met Miemie te gesels nie.

"Gaan julle vanaand jou verjaarsdag vier?" vra sy ná 'n rukkie.

"Ons celebrate mos nou. En nee, my pa-hulle wil my vanaand vir ete vat, maar ek eet sommer nou. Dit gaan my nie vanaand pas nie," sê Miemie. "Daar is iets wat ek op televisie wil kyk," voeg sy bietjie geïrriteerd by. Dit lyk asof sy nie oor haar mense by die huis wil praat nie.

Lien besluit om oor die toneelstuk te gesels. Miemie se gesig verhelder. Sy vertel van haar planne om haar rol 'n bietjie op te tert.

"Ek kan nog nie besluit of ek met 'n gewone, outydse besem gaan vee of nie. Ek dink ek moet 'n statement of some sort maak. Dalk net 'n fluorescent besemstok sonder 'n veegedeelte, of 'n besem met 'n ketting aan, of so iets – in elk geval iets wat kommentaar op die vrou se rol in die samelewing lewer," sê sy ingedagte ...

4.11 Waarom, dink jy, het Lien moeilik vriende gemaak? (1)

4.12 "Lien se mond water. Sy wonder vir hoe duur sy mag eet. Alles lyk vir haar lekker." (Reël 2 – 3)

Wat kan ons aflei uit Lien se woorde en reaksie? (1)

4.13 Miemie is die eerste skoolmaat wat vir Lien na die Wimpy uitgenooi het.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4.14 "Gaan julle vanaand jou verjaarsdag vier?" (Reël 9)

Hoe oud het Miemie geword? (1)

4.15 "Lien besluit om oor die toneelstuk te gesels." (Reël 14)

Watter rol het Lien in die toneelstuk gekry? (1)

4.16 Skryf die volgende vier gebeure in Lien se lewe onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

A Lien bedel by die verkeersligte om ekstra geld te verdien.
B Lien kry 'n tydelike werk by Tant Malie.
C Lien begin haar nuwe skooljaar by Hoërskool Voortrekker.
D Lien kry 'n tydelike werk by Millennium Creations. (4)

4.17 Tannie Bets was baie liefdevol teenoor Lien en Braam.

Noem enige TWEE dinge om te bewys dat hierdie stelling WAAR is. (2)

4.18 Noem enige TWEE karaktereienskappe wat Lien openbaar het nadat Tibbey deur 'n motor gestamp is. (2)

4.19 Sal jy vir 'n bedelaar geld gee?

Motiveer jou antwoord. (1)

4.20 Noem TWEE dinge wat Lien kan doen om al haar uitdagings reg te hanteer. (2)

4.21 Verduidelik die figuurlike betekenis van die titel, "Lien se Lankstaanskoene." (1)
[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS I

HOEDJIE. Die skoonmense was tevrede met Poppie … en Stone was tevrede.
STONE. *(kniel langs Poppie, neem haar hande)*. Poppie … as jy eendag kinders kry, dan moet jy jou meisiekinders grootmaak net soos jou ouma vir jou grootgemaak het …
PLANK. En Poppie het nou nie meer vir hom Stone gesê nie, maar Bhuti-ka-nombi …

***

POPPIE. Molo. *(Sy gee vir hom hand.)*
STONE. Molo.
POPPIE *(terwyl hulle begin loop)*. Bly jy goed waar jy nou is?
STONE. Hulle is goed vir my.
POPPIE. En hoe gaan dit met Mama en bhuti Plank en buthi Hoedjie?
STONE. Hulle het eers rondgebly, maar toe het hulle maar weer ingetrek by ou Makhulu, in ons huis. Sy kyk goed na hulle.
POPPIE. En buthi Mosie?
STONE. Hy het twee jaar gewag en toe sy eie huis gekry.
POPPIE. *(met bitterheid)*. Dit gaan goed met almal. Almal het huise. En ons dan? Ek wat hier ver by die vreemde mense moet bly? Almal kom klaar sonder my.
HOEDJIE. Maar tata-ka-Bonsile was tevrede met die huis en die mielies wat Poppie geplant het. Die kinders het goed gedoen in die skool, dis net Bonsile wat nog steeds sy eie pad geloop het, vir wie Poppie snags wakker gelê het, lê en wag het dat hy moet inkom.
PLANK. Ná twee weke is Stone weer huis toe.
JAKKIE. Kort daarna het moeilikheid by Poppie se deur kom aanklop.

5.1 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1) neer.

Stone en Poppie het mekaar (reël 8 en 9) gegroet omdat Stone by Poppie in (5.1 …) kom kuier het. (1)

5.2 Poppie en Stone was getroud, maar het nie in dieselfde huis gebly nie.

5.2.1 Gee TWEE redes waarom hulle nie in dieselfde huis gebly het nie. (2)

5.2.2 Op watter manier was Stone ’n goeie man vir Poppie al het hulle nie in dieselfde huis gebly nie? (1)

5.3 "JAKKIE. Kort daarna het moeilikheid by Poppie se deur kom aanklop." (Reël 25)

5.3.1 Wat was die "moeilikheid" waarna Jakkie verwys? (1)

5.3.2 Die mans wat die nuus van die "moeilikheid" gebring het, wou vergoeding hê.

Watter vergoeding het die mans gevra? (1)

5.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (5.4) neer.

Poppie noem Stone "tata-ka-Bonsile" as 'n teken van …

A liefde.
B respek.
C tradisie.
D vertroue. (1)

5.5 Poppie se kinders was in die skool en kennis en opvoeding was vir Poppie belangrik.

Noem TWEE feite uit die drama wat bewys dat kennis en opvoeding vir Poppie belangrik was. (2)

5.6 "Ná twee weke is Stone weer huis toe." (Reël 24)

5.6.1 Watter ontstellende nuus kry Poppie 'n paar weke later per telegram? (1)

5.6.2 Bespreek die rol wat die "iggira" in die situasie in VRAAG 5.6.1 gespeel het. (2)

5.7 Poppie het besluit om die kans te waag om sonder 'n pas in die Kaap werk te soek.

5.7.1 Waar het Poppie se dogters gaan bly terwyl sy in die Kaap werk? (1)

5.7.2 Wat het Poppie van Bonsile verwag terwyl sy in die Kaap is? (1)

5.8 Hoewel Stone en Vukile mekaar nie geken het nie, was daar in Poppie se gedagtes 'n spesiale band tussen die twee mense.

Wat was die spesiale band? (1)

5.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (5.9) neer.

POPPIE (*met bitterheid)*. ... En ons dan? Ek wat hier ver by die vreemde mense moet bly? (Reël 17 – 18)

Die doel van Poppie se retoriese vrae is om haar …

A woede uit te druk.
B frustrasie met die situasie uit te druk.
C begeerte na antwoorde te beklemtoon.
D onsekerheid oor die toekoms te beklemtoon. (1)

5.10 Waarom was Jakkie kwaad toe Poppie se nuwe werkgewer, Mrs Swanepoel, vir haar 'n sesmaandelikse pas laat regmaak? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vraag wat daarop volg.

TEKS J

POPPIE. Dit was in '76 toe die moeilikheid van Soweto Kaap toe kom.

***

MAMA *(praat oor "telefoon"; klink asof sy haar eie woorde nie glo nie)*. Dit lyk baie sleg by die lokasie, Poppie. Maar ons is almal in die lewe. Poppie, ons het getel daar staan tien nylons uitgebrand voor die paskantoor. En die skollies het die KTC-basaar in Guguletu uitgerob. ...

***

MOSIE. ..... Toe die migrants nie na die kinders luister nie, gaan al die lokasie se kinders na die special quarters waar die migrants bly. Daar beginne hulle breek vensters, en bottels wat hulle uithaal, het hulle breek gegooi. Die city-borners sê toe: ons baklei nou same met onse kinders teen die migrant werkers van die homelands.

HOEDJIE. Die migrants dink nie verder as hulle drank nie.

***

MOSIE. Toe is dit Kersdag 1976.

MAMA (*aan Poppie*). Die kinders sê dis 'n tyd van rou, Poppie. Niks trimmings nie, niks paarties nie. Jy moet niks Krismisklere koop nie. Niks skape soos die mense gewoond is om te doen nie. Die mense moet try om te rou vir dié wat doodgeskiet is. Niks klere, nie 'n skoen, niks wat nuut is nie.

POPPIE. Ja, ek het gehoor, Mama. Maar moet ons nou bang wees vir die kinders, Mama?

MAMA. Dit kom van Jakkie, Poppie. As die kinders iets sê, moet die mense luister, sê hy.

POPPIE. Jakkie mors sy lewe met die kinders saam. ...

5.11 "Dit was in '76 toe die moeilikheid van Soweto Kaap toe kom." (Reël 1)

Waarna verwys "die moeilikheid"? (1)

5.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

En die skollies het die KTC-basaar in Guguletu uitgerob. (Reël 5)

Die woord *skollies* is 'n voorbeeld van (eufemisme / slengtaal). (1)

5.13 Die kinders het die aksies van die leiers ondersteun.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

5.14 "Die city-borners sê toe: ons baklei nou same met onse kinders teen die migrant werkers van die homelands." (Reël 9 – 10)

5.14.1 Na wie het die "city-borners" verwys? (1)

5.14.2 Na wie het die "migrant werkers" verwys? (1)

5.15 Die migrants dink nie verder as hulle drank nie. (Reël 11)

Wat impliseer hierdie aanhaling? (1)

5.16 Die polisie het betrokke geraak by die aksies.

Waarom kan ons sê dat die polisie verkeerd opgetree het? (1)

5.17 Die volgende gebeure is deel van Poppie se lewe as jong meisie voor enige "moeilikheid" oor haar pad gekom het.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

A Poppie werk by 'n visfabriek in Lambertsbaai.
B Poppie verlaat die skool om haar jonger broers op te pas.
C Poppie kry 'n nuwe naam, Nonkosiathi.
D Poppie ontmoet die 23-jarige Stone Nongwena. (4)

5.18 Kies die karakter uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (5.18.1 tot 5.18.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.18.1	Hierdie karakter het Poppie se noemnaam gegee.	A	Vukile
5.18.2	Poppie was die liefste vir hierdie stiefbroer.	B	Mama
5.18.3	Hierdie karakter het vir Poppie vertel dat die kinders hulleself "comrades" noem.	C	Ouma Hannie
5.18.4	Hierdie karakter het die plek van tata-ka-Bonsile ingeneem.	D	Stone
		E	Jakkie

(4 × 1) (4)

5.19 Hoe sal jy vir Poppie as 'n persoon beskryf?

Gee TWEE beskrywings. (2)

5.20 Hoekom, dink jy, kon Poppie se kinders trots op haar wees? (1)
[35]

VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS K

..... Katrien se silhoeët word sigbaar waar sy vinnig voor die oop venster orent sit in haar bed.
Die leeu brul weer. En Hendrik se katel kraak.

KATRIEN: Hendrik? Hoor jy dit?
HENDRIK: Dit klink kompleet nes 'n leeu!

'n Vuurhoutjie kras en Hendrik steek 'n kers op. Die leeu brul weer.

HENDRIK *(kyk verbysterd op na Katrien toe)*: Dis God weet 'n leeu!

26. Dis vroegdag. Die stasie en die werf is net-net lig. Hendrik, in sy nagklere en spoorwegstewels, haelgeweer in die hande, kom onseker aangestap. Katrien, in haar nagkabaai, reg agter hom. Klein Willem drie tree agter haar. Emma tien tree agter Willem.

***

Oplaas word dit duidelik wat die vier sien: 'n trein. Die trein staan op die syspoor. 'n Goederetrein. Vol dierehokke. Hokke met olifante, perde – en leeus!

***

HENDRIK: Wie's julle, as ek mag vra.
SAMBO: Wie's jy?
HENDRIK: Ek is Hendrik McDonald en dis my stasie hierdie.

Die mans kyk om hulle rond.

SOLLIE *(bo-op die trok)*: Moerse ou stasietjie.

***

SOLLIE: Foeter jy al klaar weer met die vroumense?

Hendrik kom om die trok – en steek vas.

HENDRIK: Wat gaan hier aan?
BERTIE: Ek wou net hello sê.

Hendrik kom staan voor Bertie en pomp met sy vinger onder Bertie se neus in.

HENDRIK: Vat net aan my dogter, knapie, en jy vat aan my. Verstaan?

***

Klein Willem staan vir die aankomende prosessie en kyk.
Die nar stap reg op Willempie af. En kom staan voor hom.

NAR: Hello. *(Die kind antwoord nie.)* Wat is jou naam? *(Niks.)* Is jy skaam?

6.1 "Dis vroegdag. Die stasie en die werf is net-net lig." (Reël 8)

6.1.1 Teen watter agtergrond staan hierdie stasie? (1)

6.1.2 Waarom, het Hendrik vir Katrien gesê, is hy gelukkig op hierdie stasie? (1)

6.2 "Katrien se silhoeët word sigbaar waar sy vinnig voor die oop venster orent sit in haar bed." (Reël 1 – 2)

Hendrik en Katrien het elkeen in hulle eie bed geslaap.

Wat kan die leser hieruit aflei? (1)

6.3 "Oplaas word dit duidelik wat die vier sien: 'n trein." (Reël 12)

Gee TWEE bewyse dat Hendrik ongelukkig was oor die trein wat op die stasie arriveer. (2)

6.4 Sollie spot Hendrik met sy opmerking “Moerse ou stasietjie”. (Reël 19)

Verduidelik waarom hierdie opmerking satiries is. Onthou om beide kante te stel. (2)

6.5 “Vat net aan my dogter, knapie, en jy vat aan my. Verstaan?” (Reël 26)

6.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Nollie het Emma teen Bertie (beskerm / gewaarsku), want Bertie wou haar misbruik. (1)

6.5.2 Watter een groot probleem het Nollie met Hendrik gehad? (1)

6.5.3 Waarom, dink jy, het Emma nie aan die begin van die drama in Nollie belanggestel nie? (1)

6.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (6.6) neer.

Emma het vir die eerste keer grimering gedra nadat …

A die sirkustrein op die stasie verskyn.
B Willempie sy nargesig inkleur.
C Nollie aan haar aandag gee.
D Hendrik dit opmerk. (1)

6.7 Hello. *(Die kind antwoord nie.)* Wat is jou naam? *(Niks.)* Is jy skaam? (Reël 29)

6.7.1 Willem is met ’n spraakgebrek gebore.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.7.2 Wat was die eerste geluid wat die nar Willem gekry het om te maak? (1)

6.7.3 Waarom, dink jy, het Willem begin praat. (1)

6.8 Kies die karakter of die sin uit KOLOM B wat by die literêre term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (6.8.1 tot 6.8.4) neer.

KOLOM A	KOLOM B
6.8.1 Protagonis	A "Jy't nie eintlik baie om vir mens te vertel nie, het jy Hendrik?"
6.8.2 Dramatiese ironie	B Manuel
6.8.3 Motoriese moment	C Die gesin word met eiers en tamaties gegooi.
6.8.4 Konflik	D 'n Sirkustrein het by die stasie stilgehou.
	E Frans

(4 × 1) (4)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS L

Op daardie oomblik tref iets Katrien teen die hals. Dis iets soos 'n oorryp tamatie wat uitmekaar spat. Sy steek geskok vas, en vat aan die gemors en kyk daarna.
Dan tref 'n eier Hendrik teen die kop. En nog een tref Emma voor op haar rok.
Mense begin lag. Dan reën die eiers en tamaties op Hendrik-hulle.
Nollie gaan staan voor Emma om te keer dat sy raak gegooi word. Hy probeer haar en Katrien terug kry in die motor. Willem staan doodstil, heeltemal versteen, terwyl party van die tamaties en eiers oor hom verbyvlieg en ander hom tref.
Maar Hendrik vlieg tussen die spul in. Hy soek waar kom die tamaties en eiers vandaan. In die gedruis van stemme en gelag en die orkesmusiek in die skuur kan 'n mens nie hoor wat hy sê nie.
Twee, drie mans probeer keer. Hulle hou Hendrik vas.
Maar terselfdertyd kan 'n mens sien hoe hulle die tamatie-gooiers probeer oorreed om op te hou met die gooiery. Die manne kry Hendrik tot by die motor, en dwing hom by 'n agterdeur in. Katrien-hulle klim aan die ander kant in. Die motor kom aan die
gang en trek ruk-ruk weg. Met Nollie agter die stuur.
Jan Mol en 'n paar jong knape hardloop agterna en gooi klippe na die motor.

***

Wat, wil jy weer op ’n hoop sit?

***

Willem vat die konsertina en begin speel met sy oor teen die instrument. ’n Eenvoudige wysie. Vier of vyf note oor en oor.

6.9 Tydens watter seremonie het die gebeure in hierdie teks plaasgevind? (1)

6.10 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die atmosfeer terwyl die gesin vir die seremonie gereedgemaak het, was (vrolik / hartseer). (1)

6.11 “Dan reën die eiers en tamaties op Hendrik-hulle.” (Reël 6)

6.11.1 Noem TWEE karakters wat oor hierdie gebeure om verskoning gaan vra het. (2)

6.11.2 Waarom, dink jy, het die mense wat by die McDonalds se huis bymekaarkom, ongemaklik gelyk toe hulle uit hulle motors klim? (1)

6.11.3 Wat is **ironies** van die eier- en tamatiegooiery wat by die seremonie plaasgevind het? (1)

6.12 “Wat, wil jy weer op ’n hoop sit?” (Reël 22)

6.12.1 Wat het Hendrik vir Emma met hierdie woorde probeer sê? (1)

6.12.2 Wat het Emma, volgens Hendrik, gedoen as daar ’n probleem is? (1)

6.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (6.13) neer.

Na hierdie seremonie was daar in die McDonalds se huis …

A baie dinge wat hulle negatief verander het.
B baie dinge wat die gesin gepla het.
C motors op Hendrik hulle se werf.
D baie vrolikheid op die stoep. (1)

6.14 Dink jy Willem kon konsertina speel?

Motiveer jou antwoord. (1)

6.15 “Hy probeer haar en Katrien terug kry in die motor.” (Reël 7 – 8)

6.15.1 Watter karaktereienskap is tydens die konflik by die dans in Nollie se optrede duidelik? (1)

6.15.2 Waarom probeer Nollie Emma en Katrien in die motor terugkry? (1)

6.16 Bespreek die progressie in die volgende karakters se verhouding:

6.16.1 Hendrik en sy seun, Willem (1)

6.16.2 Emma en Nollie (1)

6.17 Die mense het almal teen die einde ritmies hande geklap terwyl Hendrik en Emma dans.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.18 Beskryf in een sin wat die hooftema van die drama is. (1)

6.19 Sou jy die soort mense wat die McDonald-gesin met eiers en tamaties gegooi het, by julle huis innooi?

Motiveer jou antwoord. (1)
[35]

VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

ELIAS: Jy vra nog? Hulle het my op 'n haar na fyn getrap gehad. (*Verbitterd.*) Maar ek sal hulle kry, sê ek julle. Elias van Rooyen sal hulle kry! (*Op band.*) Ek het hulle dae lank ingewag. Het die boom so gekap dat as hulle daarteen aandruk, dan val hulle by die afgrond af en dan het ek daardie dik, geelwit tande. Drie mooies het aangestap gekom, maar iets het hulle gekeer. Die volgende dag loop ek in hulle vas en met godsgenade het ek weggekom.

WILLEM: Moes Pa neergooi?

ELIAS: Die laaste ding. Die handbyl, die kortsaag, die osrieme, alles. Jy moet môre loop kyk of jy nie iets kry nie. Boggers.

BARTA: Wat van die kombers, Elias?

ELIAS: As die grootvoete jou skraap, kies jy nie wat jy wil los en wat jy wil hou nie, vrou!

BARTA: Dis net dat ons so kort van komberse is, Elias.

NINA: (*kom binne*): Wat raas julle so? Daar sit die mooiste uil op die afdak en hy maak hoot-hoot-hoot in sy krop. Netnou vlieg hy weg.

***

BOSWAGTER: Van Rooyen?

ELIAS: Meneer, as meneer kom moeilikheid wegbring het, het meneer na die verkeerde man toe gekom. Ek is 'n vernielde man, ek was op niks na nie onder die grootvoete vertrap. Kyk hoe lyk ek.

BOSWAGTER: Ek kom nie moeilikheid wegbring nie, ek bring net vir jou 'n boodskap van die magistraat op Knysna af.

7.1 Waarmee was Elias besig toe die grootvoete hom getrap het? (Reël 1) (1)

7.2 "… dan val hulle by die afgrond af en dan het ek daardie geelwit tande." (Reël 4 – 5)

7.2.1 Waarna verwys die dik, geelwit tande? (1)

7.2.2 Wat wou Elias met die tande doen? (1)

7.2.3 Noem TWEE items wat Elias in hierdie proses verloor het. (2)

7.3 Barta is 'n tragiese figuur.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Barta se reaksie op die uil wat op die afdak sit (reël 15), is dat die uil (geluk / ongeluk) bring. (1)

7.5 Noem DRIE karaktereienskappe wat hierdie teks omtrent Elias openbaar. (3)

7.6 "ek bring net vir jou 'n boodskap van die magistraat op Knysna af." (Reël 21 – 22)

7.6.1 Wat was die boodskap wat die Boswagter kom gee het? (1)

7.6.2 Hoe het Elias op die boodskap van die Boswagter gereageer? (1)

7.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (7.7) neer.

In watter gebied het Lukas weggeraak?

A Wolwekraal
B Knysna, die Bos
C Knysna, die dorp
D Die Lange Kloof (1)

7.8 Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (7.8.1 tot 7.8.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.8.1	Barta	A	Die sterk een in die gesin en neem die besluite
7.8.2	Magistraat	B	Wou graag nog ’n kind gehad het.
7.8.3	Fiela	C	’n Swak en passiewe figuur
7.8.4	Die lange	D	Wou seker maak of Benjamin iets uit sy verlede onthou
		E	Het Barta voorgesê om die kind met die blou hempie te kies.

(4 × 1) (4)

7.9 Waarom is die koms van die sensusmanne die motoriese moment in die drama? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

LUKAS: Hoe gaan dit nou met Pa se gesondheid?
ELIAS: Ellendig. Julle weet nie *waar* ek deur is nie en nog minder waar ek *in* is. Ek sê dit heeldag, maar jou ma is ook nie meer wat sy was nie. Hierdie regterarm van my wil glad nie oplig nie, ek sweer hy’s af. En my been is ook nog lank nie aangegroei nie.

***

BARTA: Ek yl nie, Elias, ek sal magistraat toe gaan en dit loop sweer. Ek kan dit nie langer in my dra nie, dit het te swaar geraak vir my. Ons Lukas se gebeendere is langs die Homtini opgetel. Hy’t geverdwaal en geverhonger en die engels het hom gevat.

ELIAS: Vrou jy yl! Jy’t hom oombliklik uitgeken, voor die magistraat.

BARTA: Ek het nie. Die man wat sy trommel gaan haal het, die lange met die bril, het agter my in die gang kom staan net voordat ek moes ingaan en toe’t hy in my nek gesê: die een met die blou hempie aan. Ek was so bang en deurmekaar, ek kon nie dink nie, toe’t hulle die deur opgemaak en my in die kamer ingestoot en toe staan die ry kinders daar en die een in die middel het ’n blou hempie aan.

LUKAS *staan op en loop uit terwyl die ligte uitdoof. Musiek.*

LUKAS (*op band*): Die een met die blou hempie aan. Een man se wil. Een man se mag. Ek kan hom met my kaal hande vermoor. Die een met die blou hempie aan. Een simpele sin. Een simpele sin wat Fiela Komoetie soos ’n mal ding oor die berg laat loop het en Selling die pad hoe lank laat dophou het. Ek is niemand. 20

7.10 In watter ruimte speel die verhaal in TEKS N af? (1)

7.11 “Julle weet nie *waar* ek deur is nie en nog minder waar ek *in* is.” (Reël 2 – 3)

7.11.1 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (7.11.1(a) tot 7.11.1(b)) neer.

Elias het nie daaraan geglo om te werk nie. Hy het geglo aan ’n (7.11.1(a) ...), want ’n man het net (7.11.1(b) ...) en dié moet lank uitkom. (2)

7.11.2 Elias het reeds planne gehad vir hoe sy seuns vir ’n inkomste kan sorg as Lukas weer huis toe kom.

Noem die DRIE planne. (3)

7.11.3 Op watter manier het die Komoeties hulle geld gemaak?

Noem TWEE dinge. (2)

7.12 Waarom het die magistraat gedink dat die verlore Van Rooyen-kind en Benjamin dieselfde persoon was? (1)

7.13 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit TEKS N lei ons af dat Barta nie meer met haar (gedagte / gewete) kon saamleef nie. (1)

7.14 “Ek is niemand.” (Reël 22)

7.14.1 Wat kan ’n mens uit hierdie woorde van Lukas aflei? (1)

7.14.2 Wanneer, dink jy, het Benjamin sy eerste identiteitskrisis ervaar? (1)

7.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (7.15) neer.

Toe Benjamin by Fiela wou weet wie hy is, het Fiela gesê hy is ’n weggooilam wat God aan Fiela Komoetie toebetrou het.

In hierdie konteks is “weggooilam” ’n voorbeeld van …

A metafoor.
B hiperbool.
C vergelyking.
D personifikasie. (1)

7.16 Die klimaks in die drama was toe Benjamin vir Fiela vertel dat hy op sy suster, Nina, verlief geraak het.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.17 Was jy verbaas toe Barta die waarheid oor Lukas openbaar het?

Motiveer jou antwoord. (1)

7.18 Dink jy dit is reg dat ouers alleen besluite neem oor ’n kind se toekoms?

Motiveer jou antwoord. (1)

7.19 Hierdie drama het meer as een tema. Noem EEN tema. (1)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale.

VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

8.1 "VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND" – Dana Snyman

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS O

Marokkastraat 143, *Extension Four*, Tshing, Ventersdorp, Suid-Afrika.

Ons klim uit my bakkie, ek en Johannes. Ek kuier 'n paar dae by my pa op Ventersdorp, en Johannes, wat al 'n ruk by my pa werk, het gevra of ek nie vir hom 'n rol ogiesdraad hier kan kom aflaai nie. My pa het pakkamer skoongemaak en besluit Johannes kan maar die rol draad kry.

***

Die huis se deur is groen – presies dieselfde Bitter Lemongroen as my pa se pas geverfde tuinhekkie en posbus. Langs die deur is 'n venster. Of eintlik is dit net 'n vensterraam, met *masonite* waar die ruite moet wees.

"Waar kry jy dié een?" Ek tik met my vinger op die langwerpige staalplaat wat die muur tussen die deur en die hoek van die huis vorm. Dit moes die een of ander tyd 'n kennisgewingbord by 'n kafee of 'n restaurant gewees het, wat in 'n brand was.

***

"Ek kry hom by 'n anner mannetjie van *Extension Two*" sê Johannes.

"Waar kry daai mannetjie hom?"

"Die plaat was by sy pa se donkiekar, maar toe sterwe sy pa mos. Toe steek sy antie die donkiekar brand in die aand. Toe vra ek vir die mannetjie hierdie plaat toe dit nie meer brand nie."

"En dié een?" Ek wys na die sinkplaat onder die venster. Dit lyk of iets oor die plaat gery het. Breed sit die twee spore daar oor die riffels.

8.1.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (8.1.1) neer.

Hierdie kortverhaal is 'n voorbeeld van 'n ...

A reisverhaal.
B liefdesverhaal.
C dramatiese verhaal.
D humoristiese verhaal. (1)

8.1.2 Watter tipe verteller kom in hierdie verhaal voor? (1)

8.1.3 Watter aanspreekvorm het Johannes vir die verteller gebruik? (1)

8.1.4 Wat is die motoriese moment in hierdie verhaal?

Noem TWEE feite. (2)

8.1.5 Waarom kon Johannes presies onthou hoekom daar veertig sinkplate was? (1)

8.1.6 Noem DRIE plekke waar Johannes van die sinkplate vir sy huis gekry het. (3)

8.1.7 Die sinkplate vervul ŉ simboliese rol in die verhaal.

Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

8.1.8 Wat kan die figuurlike betekenis van die woorde “Bitter Lemon-groen” wees? (1)

8.1.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

“Ek kry hom by 'n anner mannetjie van *Extension Two*,” sê Johannes.

Hierdie woorde is ŉ voorbeeld van (vaktaal / streekstaal). (1)

8.1.10 Verduidelik waarom Johannes se bed op verfblikke gestaan het. (1)

8.1.11 Wat was Johannes se regte naam? (1)

8.1.12 Hoe kon dit die verteller beïnvloed toe hy besef hy ken nie Johannes se regte naam nie? (1)

8.1.13 Wat is die tema van die verhaal? (1)

8.1.14 Watter les leer ŉ mens uit hierdie kortverhaal? (1)

EN

8.2 **"ROT IN 'N VAL" – H. du Plessis**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS P

Onder in die gang beweeg 'n skaduwee. Kuku! Lerato se vingers sluit om die gladde hef. Die lang blink lem rinkel effens toe sy die mes vasvat en lig. Sy is by die telefoon. Die nommer, die nommer van die blitspatrollie, die polisie. Haar oë beangs op Angelina, begin sy skakel.

Die rot se snor wikkel onrustig en Kuku, snuiwend in die lug, groen oë glinsterend, smelt weg teen die muur. Hy het die rot gewaar.

"Ambulansdienste hier ..."

Lerato wil huil van teleurstelling. Wat makeer haar, hoe, hoe?

"Juffrou, luister mooi, juffrou, dis Lerato Pitsoane van Slovosingel 3, Ndlovu, die nuwe ontwikkeling. Hoor u my? Ja, ja. Nood, polisie, bel die polisie, 'n moorddadige vrou, 'n rower, gewapende rower, ek weet dis nie u werk nie, 'seblief, 'seblief. Ek ken nie die polisie se nommer nie ..." Die sweet tap Lerato af.

Kuku, oë geskreef, sluip geluidloos nog nader, sy lyf plat getrek, sy stert kwispelend ...

Ek moet haar vasbind, enigiets voor Kuku ... As hy roer, hol Igundane weg. Die tyd stol. Lerato voel hoe haar bene kramp, sien Kuku se lyf span.

8.2.1 Waarom was Lerato baie ontsteld omdat Grace die dag nie vir werk opgedaag het nie? (1)

8.2.2 Wat was die verskil tussen Groot Penuel en Lerato se benadering ten opsigte van sekuriteit? Noem beide kante. (2)

8.2.3 Lerato het Angelina geglo dat sy desperaat vir werk was.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

8.2.4 Hoe het Angelina geweet dat Lerato geld getrek het? (1)

8.2.5 "Die lang blink lem rinkel effens toe sy die mes vasvat en lig." (Reël 2 – 3)

Hoe het dit gebeur dat Lerato die mes (reël 3) in die hande gekry het? (1)

8.2.6 “Hy het die rot gewaar.” (Reël 7 – 8)

Waarom was Lerato bekommerd dat Kuku, die kat, die rot gesien het?

Gee TWEE redes. (2)

8.2.7 “Ambulansdienste hier ...” (Reël 9)

Waarom was dit ’n normale reaksie dat Lerato die verkeerde nooddiensnommer geskakel het? (1)

8.2.8 Angelina se planne het lelik skeefgeloop. Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

A Lerato gryp die mes wat geval het.
B Angelina word gearresteer.
C Lerato bel die ambulans per ongeluk.
D Angelina staan vreesbevange stil op die stoel. (4)

8.2.9 Waaruit kan jy aflei dat Groot Penuel duidelik verlig was dat Lerato veilig was na die hele gevaarsituasie? (1)

8.2.10 Waarop was Lerato se seun, Penuel, baie trots? (1)

8.2.11 Is dit ’n goeie idee om ’n ongewone troeteldier soos ’n rot of ’n slang aan te hou?

Motiveer jou antwoord. (1)

8.2.12 Verduidelik die ironie in die verhaal. Onthou om beide kante van die ironie te noem. (2)
[35]

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 **"RONDOM MY" – Dawie de Jager**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

RONDOM MY – Dawie de Jager

Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer
want die haastigheid in my
het my al veels te veel keer
ondergekry
my ondergekry.

Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer.
Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.
Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla
dinge wat jou terughou.
Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.
Kom wees net jy, kom wees net jy.

As jy wil tyd vat hierdie keer
kom vat 'n rukkie hier by my
As jy wil tyd vat
kom wees hier rondom my
kom wees hier rondom my
net as jy wil …
net as jy wil.

9.1.1 Wat beteken die titel van die gedig? (1)

9.1.2 Wat is die hooftema in die gedig? (1)

9.1.3 Waarom is die gebruik van die voornaamwoorde soos ek, my en jy in die gedig paslik? (1)

9.1.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In reël 3 en 4 dui die woord (haastigheid / veels) daarop dat die verhouding té vinnig was en daar nie kans was dat die geliefdes mekaar kon leer ken nie. (1)

9.1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (9.1.5) neer.

Ons kan die gedig as ’n liriek beskryf omdat …

A die gedig ’n titel het.
B daar herhaling voorkom.
C daar verskillende strofes is
D die versreëls in lengte verskil. (1)

9.1.6 Strofe 1 bestaan uit EEN sin.

(a) Hoe weet jy dat strofe 1 uit EEN sin bestaan? (1)

(b) Wat noem ons die verskynsel wanneer een versreël oorvloei in die volgende versreël sonder leestekens? (1)

9.1.7 Wat, dink jy, sien die spreker in sy geliefde se oë? (Reël 9) (1)

9.1.8 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoorde in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommer (9.1.8(a) tot 9.1.8(b)) neer.

Die woorde, “wil” in reël 7 en “moet” in reël 8, beklemtoon die feit dat (9.1.8(a) …) hulle (9.1.8(b)…) hierdie keer sal laat werk. (2)

9.1.9 Waarom kan die spreker se geliefde nie dadelik weer met die verhouding aangaan nie? Gee TWEE feite uit strofe 2. (2)

9.1.10 Met watter EEN WOORD wat in versreël 12, 13 en 15 herhaal word, nooi die spreker sy geliefde uit? (1)

9.1.11 Watter DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE dui daarop dat die spreker die geliefde nie forseer om ’n besluit te neem nie? (Versreël 14) (1)

9.1.12 Wat is die boodskap in die gedig? Gee TWEE feite. (2)

9.1.13 Wat is die doel van die ellips aan die einde van versreël 19? (1)

EN

9.2 **"BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN" – Marita van Aswegen**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN – Marita van Aswegen

twee pare voete girts oor die teer
sy arm en nek is so styf en seer
sy bene so lam van gister se staan
ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan

motors se bande knars tot stilstand
in die blikkie klingel vyf sent en 'n rand
hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan
hier by die robot waar hy die dag omstaan

sy arm word gepluk en geruk en hy skrik
toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik
"ons beter geld kry, of ek los jou hier,"
sis die tsotsi en sy asem ruik na bier

sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind
hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?
die verkeerslig klik en die enjins brul saam
sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan

trieng, trieng lui 'n fiets se klokkie
hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie
die verkeerslig klik en bande skuur oor teer
sy arm en skouer is so styf en so seer

'n motorruit tjier af en ver weg dreun 'n bus.
as die dood hom tog net wil kom haal
dan kan hy vir ewig en altyd rus
die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal

geld klingel in die blikkie en lê dan stil
die duiwe koer en 'n kindjie jil
"mammie hy's blind," piep 'n dogtertjie sag
hy draai sy kop skuins en hy wag

"hier is nog tien rand," sê die vrou
"koop vir jou iets om aan te kou"
die verkeerslig klik en hy hou aan met wag
die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag.

9.2.1 "Robot" in die titel van hierdie gedig is dubbelsinnig.

Verduidelik waarom die woord "robot" dubbelsinnig is. (2)

9.2.2 “twee pare voete girts oor die teer” (Reël 1)

Aan wie behoort hierdie twee pare voete? (2)

9.2.3 Die spreker vergelyk die tsotsi met ’n dier.

(a) Met watter dier vergelyk die spreker die tsotsi? (1)

(b) Haal EEN versreël aan om jou antwoord in VRAAG 9.2.3(a) te bewys. (1)

(c) Waarom, dink jy, is dit gepas dat die tsotsi juis met hierdie dier vergelyk word? (1)

(d) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die tsotsi se karakter kan as (hulpvaardig / ’n boelie) opgesom word. (1)

9.2.4 Voltooi die volgende paragraaf deur die KORREKTE antwoord in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommer (9.2.4(a) tot 9.2.4(c)) neer.

Die (9.2.4(a) ...) -sintuig word regdeur hierdie gedig beklemtoon deur van (9.2.4(b) ...) gebruik te maak. Die bedelaar is blind en daarom werk sy (9.2.4(c) ...) -sintuig nie. (3)

9.2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (9.2.5) neer.

Die tsotsi ... die blinde man om geld te bedel.

A versoek
B oortuig
C dwing
D smeek (1)

9.2.6 “hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?” (Reël 14)

Wat kan jy aflei uit hierdie gedagte van die bedelaar? (1)

9.2.7 Kies die letterkundige term uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommers (9.2.7(a) tot 9.2.7(d)) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	"twee pare voete" (Reël 1)	A	Inversie
(b)	"ingehaak volg hy gedwee tot stilstand" (Reël 4)	B	Eufemisme
(c)	"dan kan hy vir ewig en altyd rus" (Reël 23)	C	Alliterasie
(d)	"die tsotsi **s**kraap **s**y keel en **s**poeg 'n **s**traal" (Reël 24)	D	Assonansie
		E	Sinekdogee

(4 × 1) (4)

9.2.8 Die vrou het twee keer vir die bedelaar geld gegee.

Haal EEN WOORD uit die gedig aan om te bewys dat hierdie stelling WAAR is. (1)

[35]

TOTAAL AFDELING D: 35

TOTAAL: 70

EINDE